
# 181 Hoe heerlik is die Jesus naam




Hy's Christus, deur die Gees gesalf
tot leraar en profeet,
tot grote koning wat bewaar,
tot priester in ons leed.

In Hom is elke woord van God
vervul en vas en waar;
waaragtig God, volmaakte mens -
beloofde Middelaar.

Die Gees bind deur die heil'ge Naam
oor heel die wêreld heen,
uit elke volk en land en taal
gelowiges tot één.

Hy leer ons in sy Naam te bid,
te leer, te dien, te werk;
en laat Hy om dié Naam ons ly,
bou Hy ook so sy Kerk.

Deur u verdienste het ek ook
die Christen-naam verkry,
gee dat ek U blymoedig eer,
met woord en daad bely.

U's priester én die offerlam,
die koning én die kneg,
die regter en die voorspraak, Heer,
profeet en self die Weg.

John Newton (1725-1807) A.R. Reinagle (1799-1877)